higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

(9070244)

7 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

184Q1B2007

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KINDERGESONDHEID N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Simptoom van allergiese reaksies sluit ... in.

A tandbederf ⌘
B gesplete verhemelte
C diarree, hardlywigheid of buikswelling
D lusteloosheid en slaperigheid

1.2 Watter voorbeeld hier onder is NIE 'n kenmerk van 'n ongesonde of ondervoede kind nie?

A Gebrek aan konsentrasie
B Herhalende oorpyn
C Uitermatige urinering
D Nuuskierigheid en gretigheid om onmiddellike omgewing te verken

1.3 Watter EEN van die volgende is NIE 'n moontlike oorsaak van hardlywigheid nie? ⌘

A Swak dieet
B Infeksies soos maagdermontsteking
C Misbruik van lakseermiddels
D Probleme met urinering

1.4 In Suid-Afrika word 'n …-tekort veroorsaak deur diëte wat hoofsaaklik uit mieliemeel bestaan.

A vitamien B3 (pellagra)
B vitamien D
C vitamien C ⌘
D vitamien B1

1.5 EEN van die volgende alternatiewe is 'n rede vir onmiddellike spening van die baba van die bors:

A Gesplete lip of verhemelte ⌘
B Hardlywigheid
C Swak slaap tussen voedings
D Koliek of wind

Kopiereg voorbehou

1.6 Kies EEN punt wat belangrik is wanneer skoene vir ’n jong kind gekies word:

A Harde sole aan die binnekant van die skoen
B 18–20 mm tussen groottoon en die voorkant van die skoen
C Skoensole moet verhewe of onbuigsaam wees
D Nuutste mode ⌘

1.7 Die uitdrukking “topping and tailing” verwys na die was van ...

A die gesig en doek-area.
B slegs die baba se gesig en hare.
C gesig, doek-area en die hele liggaam
D hande, doek-area en genitalieë. ⌘

1.8 Die geskikte manier om ’n seuntjie se genitalieë te was, is om …

A die voorhuid terug oor die glans te trek.
B van agter na voor te vee.
C die testikels op te lig en saggies daaronder te was.
D nie aan die baba se testikels te raak nie.

1.9 Infeksies kan voorkom as gevolg van …

A gesteriliseerde bottels en tiete. ⌘
B verkoelde voedings.
C die nakoming van instruksies met die voorbereiding van voedings.
D oorskietmelk wat vir lang tydperke aan die atmosfeer blootgestel word en dan weer gebruik word.

1.10 Watter EEN van die volgende is NIE ’n nageboortelike ondersoek nie?

A Baba se algehele gesondheid word nagegaan.
B Ma se algehele gesondheid word nagegaan.
C Ma ondergaan ’n vaginale ondersoek.
D Ondersoek vir amenoree (afwesigheid van maandstonde).

1.11 EEN van die volgende is ’n voordeel vir die ma tydens borsvoeding:

A Hoë risiko van borskanker ⌘
B Verhoogde kans om anemie te ontwikkel
C Risiko van premenstruele spanning
D Vinnige herstel van baarmoeder na normale vorm

Kopiereg voorbehou

1.12 ’n Nadeel van lapdoeke:

A Tydrowend om te was en droog te maak
B Kostedoeltreffender
C Duursaam
D Kan hergebruik word

1.13 Belangrike faktor om in ag te neem met die keuse van melkformule:

A Sterilisering van bottels ⌘
B Baba se allergieë
C Korrekte afmeting
D Baba het ’n swak suiggreep (‘poor latching’)

1.14 EEN van die volgende is ’n simptoom van ’n ongesonde kind:

A Geen onverklaarbare kneusplekke, merke of ander beserings aan die liggaam nie
B Goed ontwikkelde tande met geen gaatjies nie
C Liggaamlike simptome soos koors, veluitslag en braking
D Huil wanneer honger

1.15 Versteuring veroorsaak deur wanfunksie van gene of chromosome:

A Poliomiëlitis ⌘
B Ekseem
C Down se sindroom
D Geelsug

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Oormatige gebruik van versagmiddel kan veroorsaak dat materiaal sy absorberende eienskap verloor. ⌘

2.2 Die weeg van ’n baba help om te bepaal of hy/sy genoeg borsmelk drink.

2.3 Salf en poeier kan tegelykertyd aangewend word wanneer ’n skoon doek aangesit word.

2.4 Koolblare kan help om swelling te verlig. ⌘

2.5 Die korrekte badprosedure is om eers warm water in te tap en daarna koue water.

Kopiereg voorbehou

2.6 Wanneer 'n baba se oë skoongemaak word, vee 'n mens van die buitehoek na die binnehoek van die oog.

2.7 'n Kleuter moet toegelaat word om gereeld op die potjie te sit om hardlywigheid te voorkom.

2.8 Sooibrand is 'n gevolg van die ontspanning van die spiere in die spysverteringskanaal, wat veroorsaak dat suur ontsnap.

2.9 'n Funksie van die maag is om maagsappe uit te skei.

2.10 Ammoniak in waspoeier kan geneutraliseer word deur doeke in water te was waarby 'n halwe koppie witasyn gevoeg is.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Om kraam kunsmatig te laat begin deur hormone te gebruik	A	voortplanting
3.2	Proses waarvolgens organismes aanteel	B	epidemie
3.3	Groot groep mense in dieselfde geografiese gebied doen dieselfde siekte op	C	induksie
3.4	Hoë bloedsuikervlakke veroorsaak deur onvoldoende insulienvlakke of ondoeltreffende metabolisering van suiker	D	vroetelrefleks ('rooting reflex')
3.5	Baba se natuurlike instink om mond na ma se bors op soek na tepels te draai	E	diabetes

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies ’n term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

clampi-knip; gesondheidsinspekteurs; immunisasie; gesplete lip/verhemelte; tang; welsynsagentskappe; sojagebaseerde; edeem; suiggreep; konjunktivitis; holistiese ontwikkeling; sakrefleks; arbeidsterapeut; kwarantyn; natuurlike spening

4.1 Ondersteun en help gesinne wat alkohol- en dwelmmisbruik, armoede, werkloosheid en ander maatskaplike probleme ervaar ⌘

4.2 Voorkom dat ’n baba deur ’n aantal ernstige kindersiektes besmet word

4.3 Laat baba toe om teen sy/haar eie tempo op te hou borsvoed

4.4 Geboortedefek tydens swangerskap waar lip se vel of verhemelte nie heg nie

4.5 Klamp-agtige instrument wat om baba se kop gebruik word om hom/haar met die geboortekanaal af te help

4.6 Deur regering of plaaslike owerhede aangestel om te verseker dat gesondheidsregulasies nagekom word ⌘

4.7 Veroorsaak deur virus- of bakteriële infeksie of allergie

4.8 Soort gewysigde formule wat gebruik word wanneer baba allergies vir suiwelprodukte is

4.9 Baba heg aan die tepel vir voeding, met sy/haar lippe heeltemal om die tepel

4.10 Swelling van voete wat hoofsaaklik teen die einde van swangerskap voorkom

4.11 Liggaamlike, sosiale, emosionele, morele en seksuele ontwikkeling van die kind ⌘

4.12 Kom voor wanneer senuwees in die bors seine stuur wat melk laat vloei wanneer baba begin suig

4.13 Besmette persoon word weerhou van kontak met onbesmette mense met die doel om die verspreiding van siekte te voorkom

4.14 Gee terapie en hulp aan kinders met spier- en motoriese probleme

4.15 T-vormige plastiekdoeksluiter wat doek bymekaar hou ⌘

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem elk van die volgende in die menseliggaam:

5.1.1 DRIE soorte gewrigte (3)

5.1.2 TWEE soorte spiere (2)

5.1.3 Verskillende organe van die asemhalingstelsel wat hier onder geïdentifiseer word deur die letter (A–E) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (5)



5.2 Beskryf DRIE funksies van die skelet. (3 × 2) (6)

5.3 Een manier waarop die liggaam met siektes besmet word, is deur die inaseming van besmette lugdruppels.

Noem VIER ander maniere waarop siektes kan versprei. (4)

5.4 Verduidelik kortliks VYF moontlike probleme rakende gemeenskaplike gesondheid wat die dagsorgsentrum kan beïnvloed. (5 × 2) (10)

5.5 Party ma's sal swak melkvoorraad ervaar; selfs al probeer hulle dit met die hand uitdruk, sal daar min of geen melk wees nie.

Noem SES oorsake van onvoldoende melkvoorraad tydens borsvoeding. (6)

5.6 Mastitis is een van die moontlike probleme met borsvoeding.

Verduidelik vir 'n ma wat aan mastitis ly hoe om die probleem te behandel. (6)

5.7 Noem AGT veiligheidsmaatreëls wat gevolg moet word wanneer 'n baba gebad word. (8)

⌘ **[50]**

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die gevolg van elk van die volgende omgewingskwessies op 'n kind se gesondheid:

6.1.1 Vullis- en rioolverwydering

6.1.2 Watervoorraad ⌘

6.1.3 Behuising

6.1.4 Kos- en melkhigiëne

(4 × 3) (12)

6.2 Noem VYF tekens dat 'n baba voldoende melk kry. (5)

6.3 Noem en verduidelik enige VIER metodes om ma's tydens swangerskapkomplikasies by te staan. (4 × 3) (12)

6.4 Noem VYF stappe in die voorbereiding om 'n baba met 'n bottel te voed. (5)

6.5 Kraam word in drie duidelike fases verdeel.

Bespreek die tweede fase van geboorte. ⌘ (6 × 2) (12)

6.6 Noem VIER moontlike probleme wat deur swak borsvoedingstegnieke veroorsaak word. (4)

[50]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik kortliks die verskillende soorte kliniese termometers. (3 × 3) (9)

7.2 Hoe moet 'n mens die omgewing voorberei om 'n baba te bad? (5 × 2) (10)

7.3 Gee TIEN wenke vir werkende ma's om borsvoeding doeltreffend te hanteer. (10)

7.4 Noem NEGE voordele van borsvoeding. ⌘ (9)

7.5 Beskryf vir 'n nuwe ma hoe sy haar jong baba uit die bababed moet optel sonder om die baba te beseer. (6 × 2) (12)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou